(E) pam II

# „VERDEDIGINGSSKRIF

VAN DIE

# GOEWERMENT VAN DIE REPUBLIEK VAN LYDENBURG."

--- Synde 'n antwoord op die gedurige aantygings van die negrofiliste op die Naturellebeleid van die Boere.

Lydenburg, Republiek. Uitvoerende raad

IN AFRIKAANS BEWERK

DEUR

M. D. C. DE W. NEL.

LYD

Transvaalse Pers, Beperk, Bus 35, Pretoria.

# *Die Beskaafde Lewe van elke Volk Bestaan juis uit Homself*

## LYDENBURGSE REPUBLIEK MOET REEDS IN 1860 SY NATURELLEBELEID VERDEDIG TEEN NEGROFILISTE.

### Historiese Dokument in Afrikaans Verwerk.

*Deur M. D. C. de W. Nel*

De Oude Emigrant,
Potchefstroom
Dinsdag, April 3, 1860.

Van die Goewerment van die Republiek van Lydenburg, namens sy ingesetenes, synde Hollandse Emigrante van die Transvaal, aan die Komitee van die Evangeliese Verbond, onder adres van die Wel-eerwaarde Seergeleerde Here, A. Smith, Predikant van die Ned Herv. Kerk op Uitenhaag (Voorsitter) en W. A. Robinson, leraar van die Engelse Kerk op Port Elizabeth, (Sekretaris).

Christen Broers.

Ons, wat ons tans tot u wend, is lede van die Goewerment. Ons is amptenare wat in diens van die burgers is en wat deur hulle betaal word. Ons is dus verplig om die belange van die burgers te bevorder en te behartig, om elke aanval wat teen hulle ware belange, vryheid of eer gemaak word af te keer of teen te gaan met die middels wat ons tot ons beskikking het en om sover moontlik reg te verkry vir die wat verkeerd geoordeel is.

#### DIE VERAGTE VOLK.

Ons is 'n deel van die volk wat deur u misken word, wat deur u genoem word „Hollandse Emigrante van die Transvaalse Republiek" en aan wie u ope brief gedateer Port Elizabeth, die 13de April 1859 en geteken A. Smith, leraar van die Hervormde Kerk op Uitenhage (Voorsitter), en W. A. Robinson, leraar van die Engelse Kerk (Sekretaris), gerig is. Ons almal saam maak die volk uit wat deur u aangeval en verag word. Ons is die volk, wat met opoffering van al sy besittings en met so baie sorge en bekommernis, werksaam was en nog is, om netsoos u en ons voorgeslagte en alle Europese nasies voor ons gedoen het, 'n eie land te verkry en 'n eie regeringsvorm op te bou, met die doel om ons daardeur vry te hou van alle wette en gewoon-

tes van ander nasies, wat in stryd is met ons gewete en nasionaal gevoel en wat onbehoorlik in ons oë is.

Ons matig ons nie enige gesag oor die gevoel en wette van ons medemense in ander lande of naburige state aan nie. Dit is alleen tot verdediging van ons regte en eer, wat deur u aangeval en veronreg is, dat ons hierdie skrywe tot u rig. Ons versoek u om alles wat ons hier skryf in dieselfde opregte gees, waarin dit geskryf is, te ontvang. „Wij schrijven als tot verstandigen." Oordeel dan self of u handelwyse reg is. Oordeel of dit reg is van u, as leraars, as voorgangers in die goeie—soos u u aan ons voorstel—om u broers, wat volgens u mening, aan die dwaal is, op so'n manier aan te val. Oordeel self of dit reg is van u om ons saak van ver, nie alleen te oordeel nie, maar selfs soos onbevoegde regters, ons te veroordeel en te vonnis, sonder dat u ons vooraf verhoor het.

## STANDPUNT TEENOOR SENDINGWERK.

U wys ons op ons vertrek uit die Kolonie en hoe ons ons van die beskaafde lewe onttrek het. U sê u sou bly gewees het en God onophoudelik gedank het indien ons dit gedoen het met die doel om die Evangelie van Christus aan 'n onkundige volk in die woestyn te bring. Waarlik broers, dit is vir ons onbegryplik om sulke taal van geleerde mense te verneem. Waar het u ooit in die wêreldgeskiedenis gehoor van 'n volk wat sy vaderland verlaat, sy eie geluk, goed en rus opoffer met die enigste doel om almal sendelinge te word en 'n woeste volk tot beskawing en tot 'n godsdiens, wat dit nie begeer nie, te dwing? Ons weet — en ons dank God daarvoor—dat besondere persone dikwels opgewek word om hulleself aan die saak van die Evangelie oor te gee. Indien egter hele nasies daartoe sou oorgaan, sou hulle waarskynlik die doel mis wat God vir hulle gestel het. U lê laste op ons skouers wat te swaar is om te dra. Sal u dit waag om die laste maar net met u vinger aan te roer? Daarby is u eie skrywe 'n bewys teen u: U noem die land wat ons bewoon 'n woestyn. Kan u dan van ons—die bewoners van 'n woestyn, wat nie instaat was om die verkondiging van die Evangelie vir hulleself en vir hulle eie volk te verkry nie, verlang dat hulle aan vreemdes kon en moes gee, wat hulleself nie gehad het nie?

Boonop in watter sin kan u sê dat ons ons aan die beskaafde lewe onttrek het? Die beskaafde lewe van elke volk bestaan juis uit homself. As 'n liggaam van baie honderde mense kan tog aangeneem word, dat ons ons deel van die beskawing, wat ons vroeër onder u en met u gehad het, met ons saam geneem het. Dit sal elkeen, wat ons nie somar veroordeel nie, maar wat met ons omgaan, weet en erken.

U sê dat indien ons met die doel (n.l. om net sendingwerk te doen) ons staat opgerig het „dan sou God in julle midde gewees het. Hy sou julle gehelp het—en baie gou ook." Dus menere, verklaar u dat die Here onse God nie in ons midde is nie en dat Hy ons nie gehelp het nie. Waarlik, u spreek 'n vonnis wat vreeslik is uit. Ons sê nog altyd „tot hiertoe heeft ons de Here geholpen." Volgens u woord is dit nie so nie. Ons moet dus, volgens u woord, glo dat God nooit in ons midde was nie, dat Hy ons nie bygestaan het nie. Wie het ons in liefde en barmhartigheid gedra? Wie het ons so baie keer — ja gedurig — geseën en behoed? Volgens u is dit nie dieselfde God, Wat volgens ons Christelik geloof, u en ons almal in onverdiende lankmoedigheid verdra en seën nie. Wat nie alleen terwille van ons werke by ons bly en ons seën nie, maar alleen uit blote genade en barmhartigheid, Wat nie met ons handel na ons verdienste en ons

nie vergeld na ons ongeregtighede nie.

Nouja, al wat u van ons verlang is dat ons werksaam moet wees met die doel om die Godsdiens aan 'n onkundige volk te bring. Maar is die Evangelie onder ons verkondig? Was u met u groter Christelike geloof en beter gevoel, wat u meen meer te besit as ons, gedurig werksaam gewees om die Evangelie onder ons te verkondig en ons geloof lewendig te hou? Indien, volgens ons geloof, ons God, Wat ons steeds in liefde genadig was, ons nie behoed het nie, dan was die kennis van Hom verseker onder ons vergeet. Die weinige liefdevolle besoeke vanaf 1848 van 'n paar van ons geagte leraars—„wien de Here zulks in liefde vergelde"—was sekerlik nie instaat om ons Godsdienstig geloof lewendig te hou en om ons sonde en oortredinge van die wet van die Here teen te gaan en uit te roei nie. Indien u hierdie redenering van ons nie kan verstaan nie, of dit ongegrond vind, kyk dan tog net rondom u; kyk na die verkondiging van die Evangelie en na die ywer van die baie Christelike leraars in die Kaap Kolonie. Kyk dan daarby na die dagblaaie, wat gedurig vol is van verslae van gebeurtenisse wat vir ons afgryslik is. Ja, die weerga waarvan u by ons, die in u oë so diep gevalle en veragtelike volk, te vergeefs sou soek.

U verlang dat ons die verkondiging van die Woord moes bevorder het onder die heidene wat rondom ons woon. Heeltemal reg; ons sê self dat dit goed sal wees om dit te doen, sodra ons kan. Wat sou u egter sê van 'n man, wat in 'n woestyn is en wat eers vir 'n vreemde huisgesin 'n huis bou en dit van kos voorsien terwyl hy sy eie huisgesin sonder huisvesting en voedsel laat wag, onderwyl hy sê, die welsyn van die vreemde gaan voor, ek moet eers vir hulle sorg." As u die gedrag van so'n man moet beoordeel sal u hom nie 'n dwaas noem nie? Vergelyk hiermee Matth. 15 vs. 26 en 27 en Gal. 6 vs. 10. Indien u ons saak en ons toestand volgens hierdie maatstaf geoordeel het, dan sou u u doel bereik het. Ons sou dan met u saamgestem het, u geprys het en ons sou ons met u kon verenig en gesê het: Broers help ons. Dog inplaas dat u u kragte en u vermoë aanwend om ons tot die waarheid terug te bring en ons te lei om die Woord van God reg te verstaan, waarvan ons, volgens u skrywe, 'n „verkeerde" begrip het, veroordeel u ons en verklaar u dat God nie in ons midde is nie

## OPVATTING VAN OU EN NUWE TESTAMENTE

Voortgaande om ons te veroordeel, beskuldig u die Regering van hierdie land, dat dit nie gehandel het volgens die gulde reël van Jesus Christus nie. Daar u versuim het om te sê wat die gulde reël is, kan ons ons nie daarteen verdedig nie. Soiets sou ook gevaarlik kan wees, daar ons alreeds, volgens u verklaring, die Woord van die Here verkeerd uitlê en toepas.

Ons meen egter dat ons die rede vir die bewering in u eie skrywe gevind het n.l. dit: Ons het, volgens die leer en geloof van ons vaders en ooreenkomstig die Bybel en ons Nederlandse geloofsbelydenis, die Bybel as 'n geheel beskou. Ons het geglo—en ons hoop om dit te bly glo—dat sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament die Woord van God is; dat die heilige manne van God, van Moses af tot Johannes toe—lees ook 2 Petrus 1 vs. 21 en 2 Tim. 3 vs. 16—deur een en dieselfde gees gedryf is om sowel die een as die ander deel te skrywe.

Daar ons geloof oor die waarde of egtheid van die Bybel dus so heeltemal verskillend is, omdat u een deel van die Woord van God van groter waarde en die ander deel van minder waarde ag, terwyl ons net één Woord van God besit, is dit dus te begrype dat twee liggame wat so van mekaar verskil mekaar se werk nie kan goedkeur nie. Dit

sal dan ook niemand verwonder nie dat u ons kwalik neem, dat ons (soos u sê) alleen na die inhoud van die geskiedenis van die Israeliete gehandel het. Ons ontken dit. Ons het nie soiets gedoen nie. Daarmee ontken ons egter nie, dat ons soms met voorliefde die leiding van God met Israel ook in toepaslike gebeurtenisse van ons toestand gesien het en so ons toestand en seëninge daarmee vergelyk het nie. Ons meen egter dat ons Gereformeerde voorouers en die Protestantse Engelse van die sestiende en sewentiende eeu dit ook gedurig gedoen het.

## HOE HULLE IN BESIT VAN DIE GROND GEKOM HET

U vra: Het die Allerhoogste tot u Kommandant-generaal gesê: „Staan op, neem besit van die land!" Dit is heeltemal oorbodig, Menere, om hierdie vraag te beantwoord. Die antwoord kan duidelik word uit die groot verskil in opvatting, wat daar tussen u en ons oor die bekendmaking van die Here se wil bestaan. Ons antwoord is egter: „Nee, Menere! Die grootste gedeelte van die teenswoordige Britse Kolonie Natal en die Oranje Vrystaat is deur die Hollandse Emigrante wettiglik gekoop van die vroeëre wettige eienare—die kafferstamme wat dit bewoon het. 'n Gedeelte is deur wettig gevoerde oorloë ingeneem, oorloë wat veroorsaak is deur onwettige aanvalle wat die naturelle in die land gemaak het. Ons het dus, so meen ons, ook volgens die inhoud van die Woord van God, die grond regverdiglik verkry.

Na ons u so geantwoord het, wil ons net sê, dat hierdie bogemelde vraag van u nie alleen onpaslik is nie, maar dit kan ook afsku verwek, daar dit vir ons lyk asof die vraag op 'n spottende manier aan ons gevra is.

U vra: Het God Suid-Afrika deur enige belofte aan u gegee? Aan wie is dit gegee?

Op hierdie twee vrae moet ons byna inligting vra, daar u landsake as 'n godgeleerde vraagstuk behandel en u goed weet dat ons nie godgeleerdes is nie. Ons erken nie dat hierdie soort sake onder die kansel val nie of dat hulle deur Predikante uitgemaak en behandel moet word nie en dat verantwoording aan Predikante omtrent sulke sake gedoen sal word nie. Ons sal soiets gevolglik nie doen nie. Daar ons egter ons saak hierbo alreeds gedeeltelik bewys het, wil ons graag nou ook 'n paar vrae aan u stel: Het God die Kaap Kolonie vroeër aan die Hollandse Goewerment gegee en dit nou weer aan die Britse Regering gegee? Is aan u, toe u nog in Europa was gesê: „Staan op en neem besit van Uitenhage en Port Elizabeth?" Het die afstammelinge van die mense wat vroeër die land in besit geneem het en wat daar reeds woonagtig was, die Europeane aangemoedig om die grond wat van die Naturelle verkry is, ywerig te bewerk, sodat u almal kon lewe en die salarisse van die leraars, wat ook die land inbesit geneem het, soos die geval met ons is, uitbetaal kon word? Het u, onse broers, en mede-besitters van een of ander gedeelte van dieselfde land, mekaar nie, onder die skrywe daaraan herinner om eers die vraag aan uself te vra nie? Waarom stel u die vraag aan ons? Is dit miskien omdat u die vraag nie aan 'n ander Goewerment, wat sterker is en wat meer geag en gevrees word as ons durf stel nie? Is dit omdat u uself hoër en meer geregtig ag as ons om Suid-Afrika inbesit te neem? Het u u al die vraag afgevra: Waarom is Natal, vroeër die Oranje Vrystaat, en nou weer Brits Kafferland inbesit geneem? As u dit nog nie gedoen het nie, doen dit dan. Wanneer u die antwoord daarop ontvang, sorg dan dat elke duim grond, wat nie met regmatigheid van die vroeëre eienaars geneem is, en wat nie wettiglik in u en ander Europeane se besit gekom het nie, weer aan die oorspronklike eienaars daarvan—die Hottentotte, Kaffers en Boesmans—terug gegee word. Dan sal ons, as ons u voorbeeld volg, verseker

kan bewys, dat baie min van die Emigrante nodig sal hê om hulle gronde terug te gee.

## DIE BYBEL EN DIE WêRELD-GESKIEDENIS

Dit is vir ons onmoontlik om u gevoel oor die Woord van die Here en die geskiedenis van die wêreld te begryp. U gevoel dwing ons selfs om onwillekeurig te glimlag oor die ongerymde denkbeeld wat daarin opgesluit lê, wat, indien dit deurgevoer en toegepas sou word op die bewoonde aarde, die wêreldkaart heeltemal anders sou laat lyk. Maar later meer hieroor. Op die een plek erken u dat God gebruik kan maak van watter middels Hy wil om sondaars te verdelg en waaronder u die swaar (oorlog) ook tel. U verklaar ook dat die oordeel van God die heidens van Palestina, wat met ongeregtigheid vervul was, getref het. Op 'n ander plek is u standpunt weer dat iemand wat oorlog maak of wat 'n land inneem—as hy nie openlike godsprake ontvang het nie, nie 'n Josua as aanvoerder het nie, as die seë en die riviere nie droog word wanneer sy leërs daarvoor kom nie of as die son nie stilstaan nie—dat indien sulke dinge nie gebeur nie, dan bestaan daar geen reg om so'n oorlog te voer nie. As dit so is—indien u gevoel reg is—dan moet ons glo, dat sedert die Israelitiese ryk opgehou het om te bestaan daar nog nooit weer 'n regverdige oorlog gevoer is of 'n land regverdiglik ingeneem is nie. Ons moet glo dat die seën van God, na die tyd, nog nooit weer op enige land of volk gerus het nie. Die Here het dus alleen die beloofde land in Sy regverdige oordeel besoek. Wil u nou te kenne gee dat God opgehou het om te regeer? Wil u voorgee dat die inneming van Asië, Afrika, Amerika en Australië sonder die wil en toelating van God, ja, eerder teen Sy wil plaasgevind het? Het God die hele wêreld en die bestuur en veranderings daarvan uit Sy hande laat wegneem, sodat die mense nou, in alles wat hulle doen, alleen hulle wil uitvoer? Hulle is dus nie meer soos die Jode en ander nasies voor die geboorte van Christus werktuie in die hande van God om Sy besluite en weë te volbring en uit te voer nie. U noem die oorloë, wat aanvallender wyse geskied, soos by ons, „diefstal en moord"—ons hoop om later, so die Here wil, op hierdie beskuldiging terug te kom. Ons sal egter nou vooraf 'n paar antwoorde gee

Volgens hierdie verklaring van u is alle lande wat aanvallenderwyse ingeneem is, dus nie volgens die raadsbesluite en wyse wil van God ingeneem nie, maar deur onwettige diefstal en moord. U en ons almal, wat van Europese afkoms is en wat buite Europa is, besit dus alle grond, wat buite Europa geleë is, onwettiglik, want die oorspronklike inwoners van Asië, Afrika, Amerika en Australië het nie die Europeane eerste uitgenooi om na hulle lande te kom nie. Hoewel daar nie godsprake gekom het en wonderwerke plaasgevind het nie, het die Europeane die lande opgesoek met die vaste voornemens om hulle heerskappy daar te vestig. Lande wat teenstand gebied het is aanvallenderwyse in besit geneem. Was dit buite die Albestuur van God? Sal u al sulke inbesitnemings diefstal en moord noem? Het u reg om te verklaar dat dit die geval is? Durf u sê en kan u bewys dat dit alles gebeur het sonder die wil van God, buite Sy wysheid en wêreldbestuur? Het u reg om te beweer dat dit alles deur die mens, in stryd met die wil van God, gedoen is, alleen as gevolg van die hebsug van die mens? As dit so is dan wee! wee! oor u en oor ons, want u en ons geniet en neem as ons onwettige eiendom die vrugte van die moorde en diefstalle van ons voorvaders en van ons eie geslag. Wee! want dan sal die spreekwoord van die Jode, Ezech. 18 vs. 2 met regverdigheid deur God oor ons gebring word. Lees verder Ezech. 18: „Waarom geeft gijlieden het pand van zodanige diefstallen en moorden

niet aan de in u oog wettige eigenaren terug?"

Wat die voorgaande betref kom u en ons geloof of begrip van die Woord van die Here ook nie ooreen nie. Ons glo dat dieselfde God van die Ou Testament nog regeer en dat Hy netsoos in daardie tyd Sy wyse planne en besluite ten opsigte van die wêreldbestuur, van die oprig en vernietig van koninkryke, state, volke en lande ten uitvoer bring en dat Hy mense as Sy werktuie gebruik om dit tot uitvoer te bring. Ons vind dat hierdie gevoel van ons deur die profesië bevestig word (sien ook die Nuwe Testament tot die Openbarings van Johannes). Ons geloof in hierdie sake nl. die inname van die vier wêrelddele, is gevolglik dat dit gebeur het, omdat die Almagtige in Sy wysheid vir Hom voorgeneem het om Sy Woord en wet oor die hele aarde te versprei. Hy het die Europese volke as Sy werktuig vir die bereiking van hierdie doel gebruik. Hy het hulle dan ook die verstand en die mag gegee om die lande, as 't ware uit niks op te soek en te kry nie, en Hy het die lande aan hulle oorgegee om besit en bewoon te word.

Ons glo nog daarby dat dieselfde God in Sy ontsaglike wysheid geweet het, dat Europa nie in staat sou wees om sy eie bevolking te voed en nog minder om 'n woonplek aan hulle te verskaf nie. Daar Hy in die behoefte voorsiening wou maak het Hy hierdie kanale geopen. Ons glo dat dit nie mensewerk was nie. Ons glo verder dat die Here die aarde geskape het om bewoon en bewerk te word. Hy wil nie toelaat dat die gronde onbewoon en onbewerk bly lê nie. Dit is dus ook volgens die albestuur van God dat die gronde, wat ooplê, meer en meer besit word.

As u verder wil ondersoek of die bostaande redenering van ons gegrond is, toets dit dan aan die volgende geval: stel u voor dat alle afstammelinge van Europeane uit die ander vier wêrelddele weer na Europa terug gebring word. Sal Europa hulle kan bevat en voed? Indien u 'n voorbeeld uit u eie land wil neem: Stel u dan voor dat almal, wat sinds 1835 uit die Kolonie na Natal, Vrystaat en Transvaal gegaan het, weer na die Kaap Kolonie, Suid van die Oranjerivier sou terugkom. Sal die Kaap Kolonie hulle kan bevat en voed? Ons dink nie so nie! Nouja, wie se werk is dit? Is dit die werk van mense of is dit die Albestuur van God? Ons neem die vryheid om u te vra of u wat die regvaardigheid van God moet verkondig, die vrymoedigheid het, om as dienaars van die Here op te tree in 'n land wat op so'n onwettige manier verkry is om daar die Woord van liefde, genade en vergewing van sonde te preek aan mense, wat in stryd met die wil van God, lande onwettiglik inbesit geneem het en, nieteenstaande hulle weet dat dit onwettig is, tog maar aanhou om die grond te besit. U glo mos dat dit die geval is, ons glo dit nie.

Is dit moontlik om te glo dat die teenswoordige Christendom nog werd is om die naam van Christene te dra; is dit moontlik om te glo dat die gees van die Here nog werksaam is en kan wees, wanneer die hele Europese bevolking buite Europa so vreeslik buite die wil van die Here handel? Ons glo soiets nie. Ons meen dat ons ons verstand en oordeel oor sulke sake liewer moet onderwerp aan die uitspraak van die Woord van God. Lees Amos 3 vs. 6; Spreuk. 16 vs. 9 en 21 vs. 1; Jer. 10 vs. 23; Dan. 4 vs. 35, en 5 vs. 23; Hand. 17 vs. 26 en 28; Ps. 115 vs. 2 en 3; Ps. 145 vs. 1 en 3; Mal. 3 vs. 6; Job 12 vs. 9 en 10; Exod. 9 vs. 16; Jes. 46 vs. 9 en 10; Ephes. 3 vs. 11.

Daarmee wil ons gladnie betoog dat alle handelinge van die mens deur die Albeskikking van die Here bewerk word nie, maar ons beweer beslis dat 'n manier van voorstelling, wat die hele wêreldbestuur omverwerp, teen die Bybel is.

**Die optrede van die Boere teenoor die inboorlinge vergelyk met die optrede van Groot Brittanje en ander lande**

**teenoor die inboorlinge van hulle kolonies.**

Volgens u skrywe het ons hierdie land deur diefstal en moord in besit geneem. Hoe kan u dit bewys? In watter opsig het ons dit gedoen? Ons sê dit is onwaar. Ons verwag dat u die bewyse vir hierdie bewering sal lewer. Ons vra u watter lande is wettiger deur Europese afstammelinge in besit geneem as ons land? of is dit genoeg dat ons die in u oë veragtelike naam van „Hollandse Emigrante" dra en dat ons deur die naam alleen geen reg het om 'n land in besit te neem nie? Ons is nie so goed bekend met wat u reg of onreg noem ten opsigte van ander nasies nie, veral wat betref oorloë wat hulle aanvallenderwyse gevoer het en grond wat hulle van ander nasies, wat nie langs en tussen hulle woon, soos die kaffers by ons nie, maar wat hulle opsetlik van ver oor die see gaan opsoek en beveg het om hulle land te bewoon, in besit geneem het. Daar u u voorgeneem het, Christen broers, om ons reg te help, versoek ons u om ons voorbeelde van beter nasies as wat ons is, te gee, sodat ons deur die beter voorbeeld gelei kan word. Wie moet ons navolg?

Ons vra u: is dit waar dat gedurende die laaste oorlog in Brits Indië byna twee duisend van die opstandelinge hulle op belofte van pardon, aan 'n Britse Offisier oorgegee het en dat hulle, sodra hulle die wapens neergelê het almal dadelik om die lewe gebring is, omdat die offisier sy woord gebreek het? Het die offisier toe openlik daarop geroem dat hy so'n daad gepleeg het? Is dit waar dat die Britse Parlement daarop besluit het om die daad nie te bestraf nie omdat die Parlement bang was dat sọiets die moed van die soldate sou verswak? Is dit waar dat die opstand in Indië, volgens offisiële mededelings aan die Britse Regering, in die oë van die mensheid byna te regverdig is, omdat die amptenare die inboorlinge so vreeslik mishandel het? Het die amptenare werklik, soos die offisiële berig lui, vroue en manne gemartel omdat hulle nie 'n ellendige stuk silwergeld kon betaal nie? Is dit waar dat die geheiligde maagde van die Braminse Godsdiens in Indië op 'n jammerlike wyse deur ontug en hoerery deur die blankes geskend is? Is dit waar dat die hoog aansienlike maagde nie teen die soort van ontug beskerm was nie dat hulle hulle later uit wanhoop om die lewe gebring het? Dit was nie 'n uitsonderingsgeval nie maar die algemene toestand onder die Brits Indiese Maatskappy.

Is dit waar dat die inboorlinge van Brits Indië opgestaan het en die vreeslike moorde gepleeg het, omdat hulle nie langer die oppergesag oor en die inbesitneming van hulle land deur die Britse gesag wou verdra nie en dat hulle besluit het om dit af te werp? Is dit waar dat die Britse Goewerment egter wyslik besluit het om nie gehoor te gee aan die eise van die barbaarse heidens nie, maar inteendeel duisende van die ou inwoners van Indië laat doodskiet het en op die manier die opstand van die onbeskaafde vryheidsoekers gedemp het en so Indië vir die Britse nasie behou het? Is dit waar dat hulle toe nuwe lande, wat vroeër nie onder hulle gestaan het nie, van die heidens geneem het met die doel om die heidens in die vervolg beter te bedwing en hierdeur beskawing en Christendom onder hulle te bring en dit te beskerm?

Is dit waar dat die gedurige oorloë met Sjina, waardeur reeds ontelbare duisende Sjinese omgekom het, alleen ontstaan het en nog voortgesit word omdat die Sjinese nie met die Europeane handel wil dryf op 'n manier soos die Europeane verlang nie, en omdat die Sjinese weier om hulle volk vry te laat om soveel vergif (opium) as wat hulle wil te gebruik, waardeur hulle hulle volk van 'n gewisse ondergang bewaar, maar waardeur hulle die voordelige handel van u en ons ander Christen broers vernietig? Is dit waar dat alreeds baie stede van die vroeëre

vrye Sjina aan hulle oorseese Christelike besoekers en aanvallende in-besitnemers afgestaan is? Is dit waar dat daar nou in Europa sterk en verenigde leërs op die been gebring word, om die Sjinese, wat hulle vryheid en hulle land wil verdedig, te belet om dit te doen, en Sjina dan verder ten behoewe van Europa in besit te neem?

Is dit waar dat die optrede van die Hollanders in die Molukke eilande nie minder onregverdig was nie? Dat hulle b.v. die inboorlinge verplig het om hulle speserybome te verwoes, sodat die alleenhandel—die monopolie van die handel—vir die Hollandse Regering verseker was? Is die oorloë wat vroeër met die Balinese en nou weer met die Borniërs gevoer word nie van dieselfde aard nie ?

Sal Groot Brittanje Australië verlaat wanneer die vroeëre eienaars—die kannibale en andere—dit eis?

Kyk, menere, ons soek net na 'n voorbeeld wat ons kan navolg. Ons vra die vrae eerstens, om te wete te kom of dit waar is wat van die nasies vertel word, en tweedens om van u te verneem watter voorbeeld ons moet neem. Daar die weg wat ons tot hiertoe bewandel het nie reg is in u oë nie, verwag ons van u dat u ons 'n beter weg sal aanwys, want in elke saak wat 'n mens wil nastreef is dit nodig dat 'n mens die voorbeeld van 'n ander sal hê om na te volg. Gee ons nou so'n voorbeeld, maar laat dit ook uitvoerbaar wees, nie alleen vir die Predikante en Sendelinge nie, maar ook vir die staatsman, soldaat en die burger.

As u ons vra wat ons gevoel oor die handelwyse van ander nasies is, dan moet ons u antwoord: dat dit vir ons lyk, dat dit nie goed van ons sal wees om hulle gedrag te veroordeel nie, omdat elke toestand van oorlog sy eie en verskillende vreeslikheid meebring en dat elke staatsman, generaal of soldaat dus moet weet wat hom te doen staan. Hy moet self oordeel hoeveel bloed hy moet vergiet om sy plig te doen, sy land te behou en rus en vrede te herstel. Ons glo dat al die genoemde persone sekerlik en wettiglik tot die doodstraf veroordeel sou geword het deur hulle goewermente indien hulle deur vrees om te veel bloed te vergiet die vyand nie doodgeskiet het nie en daardeur hulle land verlore laat gaan het.

U kan ons glo, dat ons hierdie vrae nie stel om ons gedrag of verkeerdhede te verdedig nie. Indien die vrae bevestigend is, verstrek dit dan nie die bewyse dat die nasies, met wie u ons, wat betref deug en goeie sedes nie gelyk wil stel nie, ook vreeslike dade doen en toelaat?—die weerga waarvan u nie by ons kan aantoon nie.

Dit word vir ons hierdeur meer en meer 'n raaisel waarom ons op so'n buitengewone manier slegter as ander nasies gereken word, want as ons die bogemelde oorloë en handelwyse in hierdie land van ons moet beoordeel, dan lyk hulle—indien die berigte waar is—so vreeslik en hard, dat ons nie Hollandse Emigrante ken, wat die moed of hardvogtigheid besit om sulke vreeslike oorloë, bloedvergieting en wraakneming te volbring nie. U sal dit miskien wil ontken ,maar dit is so.

## DIE HOUDING VAN DIE BOERE TEENOOR OORLOë.

Die Hollandse Emigrant is 'n groot vyand van oorloë en nog meer van 'n politiek wat 'n vyand, wat homself oorgee, koelbloediglik laat doodskiet. Hy haat dit om 'n oorlog te laat aanhou en soos die Europese nasies maak om dit nie te beëindig voordat die vyand nie goed getug is en weer onder sy gesag, ja, onder sy voete gebring is nie. Die bewyse hiervoor is volop, indien u slegs onpartydig wil oordeel en die waarheid wil raak sien.

In die eerste plek word 'n oorlog baie selde dadelik begin sodra daar genoeg wettige redes daarvoor is; dit word gewoonlik te lank uitgestel en sodra die vyand die minste toenadering tot vrede wys, kom daar van so'n

voorgenome oorlog niks nie. In die tweede plek, as so 'n kommando in die veld kom, kan ons byna nie 'n voorbeeld vind, waar dit die vyand heeltemal tot sy plig en onderwerping bring nie, want gewoonlik, nadat hulle een of twee dae slaags was en die vyand vlug of 'n voorstel van vrede maak, word baie gou daaraan toegegee. Inplaas dat die leër gebruik maak van die seën van die Here en die oorwinning voltooi, kom dit dan meesal terug sonder dat dit sy plig ten volle nagekom het, dit is deur die vyand ten volle tot onderwerping te bring. Feitlik die enigste voorbeeld, wat nie hiermee ooreen kom nie, is die beleg van die rotsvesting van die kaffers van Makapan, wat veroorsaak is deurdat hulle weerlose manne, vroue en kinders vermoor het. In hierdie oorlog is, ons insiens, enige vooruitgang te bespeur in die strewe om die voorbeeld van ons voorvaders in Europa en van die Britse nasie na te volg, naamlik om 'n gereëlde en deurdrywende oorlog te voer.

## GROND VAN INBOORLINGE GEKOOP.

U sal nou vra hoe die Hollandse Emigrante dan in besit van so'n groot land gekom het. Dit sal ons u vertel.

Toe hulle in die jaar 1836 deur die Oranjerivier getrek het, was die enigste kafferkonings wat die eintlike mag noord van die Oranjerivier en Vaalrivier besit het, die twee Soeloe-konings Dingaan en Moselikatse. Die ander kafferstamme, wat onder kapteins gestaan het, was aan die konings skatpligtig. Die Soeloes het die ander kafferstamme hulle meide en honde genoem en het hulle ook as sodanig behandel.

1. Toe die Hollandse Emigrante in die jaar 1836 tussen Oranje- en Vaalrivier nog sonder woonplek rondgetrek en hulle met jagtogte besig gehou het, is die landstreek tussen die Vet- en Vaalrivier van die Naturelle gekoop. Die meeste mense was egter vas beslote om sover moontlik landwaarts tot agter die Portugese hawes Sofala en Delagoabaai in te trek en daar te gaan woon. Vir hierdie doel is 'n vry sterk kommissie onder aanvoering van hoof-kommandant A. H. Potgieter uitgestuur om die land te gaan verken. Die kommissie het tot in die omtrek van Soutpansberg gegaan en toe weer terug gekom.

Intussen, terwyl alles in vrede was en die mense met die kaffers, wat rondom hulle gewoon het, vrede bewaar het en almal gerus was, het Moselikatse met die Soeloes of Matebelies, sonder enige voorafgaande oorsaak die verskillende afdelings van die jagters begin aanval en vermoor. Dit het baie maklik vir hulle gegaan, want die mense het die vrede met die barbare ten volle vertrou. Tegelykertyd het hulle die weerlose vroue en kinders, wat op die gekoopte grond aan die Vetrivier agtergebly het aangeval, almal wat hulle kon vind vermoor en hulle besittings weg geneem.

Toe hoofkommandant Potgieter van sy sending terug kom, het hy en sy manskappe sake so gevind en ook dat baie van hulle families vermoor was. Wat het hulle hierop gedoen? Hulle het hulle plig gedoen. Hulle het gedoen wat u en elke mens sou gedoen het. Hulle het hulle vyand aangeval en daar die Here met hulle was, het hulle die vyand verslaan nieteenstaande die herhaalde aanvalle wat Moselekatse op hulle gemaak het. Hulle het hom later vervolg en hom op Marico totaal verslaan. Hulle het sy land (nou Potchefstroom, Magaliesberg, Marico ens.) ingeneem. Kan u dit onreg noem?

2. 'n Gedeelte van die Hollandse Emigrante het, onder aanvoering van P. Retief, na Natal getrek. Die Soeloe koning Dingaan het daar regeer— dat hy 'n vreeslike tiran was moet aan u goed bekend wees. Hulle het

sonder versuim met hom in onderhandeling getree met die doel om 'n groot gedeelte van die land van hom te koop. Dit het hulle geluk. Almal was bly en tevrede. Geen aanval is gemaak nie; geen oorlog is begin nie; die grond is vir bewoning aangekoop. Sonder enige voorafgaande onvrede is P. Retief met sewentig weerbare manne—'n groot mag vir daardie dae—wreedaardig deur Dingaan vermoor. Sy volk het oor die land gegaan, die mans, vrouens en kinders, wat hulle kon kry, vermoor en die ander geplunder nog voordat hulle van die moord van Piet Retief geweet het. Wat was die oorsaak hiervan? Niks anders as wat so straks vertel is nie, naamlik dat die Hollandse Emigrant helaas! te gou aan die belofte en skoonskynende vriendskap van die barbaarse heidens geglo het. God was egter met hulle! Met 'n geringe mag onder aanvoering van komdt.-generaal A. W. J. Pretorius het hulle opgestaan en hulleself en hulle regverdige saak verdedig. Die uitslag was dat 'n baie groot deel van die Soeloes, onder aanvoering van Panda, wat moeg was vir die tirannie van Dingaan, hulle by die Emigrante aangesluit het, en dat die vreeslike mag van Dingaan totaal verslaan is en sy land ingeneem is. 'n Groot gedeelte van die land is toe weer aan Panda en sy volk vir bewoning aangewys.

3. Toe die Hollandse Emigrante later (in 1845) besluit om dieper landwaarts in te trek en die omstreke van Ohrigstad gaan bewoon het, was hulle dadelik weer daarop bedag om die gronde, wat daar oopgelê het, vir bewoning aan te koop. 'n Gedeelte (vereers genoeg) is toe ook in 1846 aangekoop van die kafferkoning Omswaas. (Hy is ook van die stam van die Soeloes en van die geslag van Dingaan, Moselekatse en Panda.)

4. In 1854 is weer 'n stuk land tussen die Buffel- en Pongolarivier (nou Utrecht) van Panda aangekoop.

5. In 1855 is 'n verdere stuk land noord van die Pongolarivier van Omswaas aangekoop.

Kyk, daar is die vraag hoe ons, die veragte Hollandse Emigrante, in die wettige besit van ONS land gekom het, beantwoord.

Wat die waarheid van die bogemelde betref kan en moet u daarmee bekend wees, daar u self erken dat orals baie van ons gehoor en gepraat word en daar u self erken dat u die reg wat ons het om 'n onafhanklike staat vir ons te stig, nie betwyfel nie. Verder het ander mense alreeds voor ons die waarheid van die bogemelde aan u en die hele wêreld, wat die waarheid te wete wil kom en wat dit wil glo, bekend gemaak. U is seker bekend met die drie voorlesings oor ons eerste lotgevalle gehou deur die Ed. Agbare heer, mnr. Henry Cloéte, hoofregter van Natal en op Pietermaritzburg by J. Archibald en Seun in 1852 uitgegee, waarin SyEdele die wettigheid van ons oorloë, wat deur u genoem word aanvallende oorloë, ons diefstalle en moorde, as 'n waarheidsliewende skrywer in kort sketse voorgestel en wêreldkundig gemaak het terwyl die drie laasgenoemde koopbriewe van ons gronde in byna al die Kaapse dagblaaie gepubliseer is.

## BEHANDELING VAN SENDELINGE EN SENDINGSTASIES.

Wat u klagtes en beskuldigings met betrekking tot die verjaging van sendelinge en die verwoesting van sendingstasies aangaan, skyn dit asof u onder 'n misverstand verkeer. Ons ontken nie dat daar 'n paar onder ons is, wat meen dat dit nie nodig of goed is, om die Evangelie aan die kaffers en boesmans te verkondig nie. Soiets kan u onmoontlik verwonder, daar dieselfde gevoel ook in die Kaapkolonie bestaan. Ja, dat dit selfs misklen by enige lede van u gemeente heers. Maar by ons is byna almal daarvoor dat die Evangelie aan die

heidene verkondig sal word, onverskillig of hulle van Cham se geslag is of van die Egiptenare afkomstig is. Ons verlang egter dat dit sal geskied onder bepaalde voorsorg teen bedrog of misleiding. Ons begeer dat, nie alleen die burgers van hierdie land nie, maar ook die sendelinge, onder die wette van die land sal staan en dat hulle die wette sal gehoorsaam ooreenkomstig die ordonnansie van God. (Lees Rom. 13 verse 1 en 8).

Dit is seker aan u bekend dat die grootste teenstand wat die sendelinge in hierdie land ondervind, ontstaan uit die feit dat hulle alle moontlike moeite skyn te doen om ver van ons tussen die kaffers wat nog totaal woes is, te gaan woon. Hieruit word twee redes tot algemene kwaad vermoed en gebore.

Eerstens, dat dit die strewe van die sendelinge is om sonder opsig te kan doen wat hulle wil, waardeur die vermoede, wat tewens ook gegrond is, bestaan, dat hulle weet dat, as hulle naby die blankes gaan woon, hulle doen en late gesien sal word, en dat hulle daarvoor bang is. Tweedens, dat die soort sendelinge, in so 'n toestand hulle meer met die koop- en ruilhandel en met jagtoge op olifante besig hou as met die verkondiging van die Evangelie. Baie van hulle se vernaamste handel (soos vertel word) bestaan uit die verruil van gewere en ammunisie—iets wat by u en by ons verbied is. Dit versterk die kaffers en maak hulle hoogmoedig, waardeur ons in oorloë gewikkel word. Ons is ook verplig om sulke sendelinge as vyande te beskou en hulle teen te gaan en hiervoor kry ons as loon die veragting van u en andere. 'n Ander skerp gevoel en teensin teen die soort sendelinge, wat ons hierbo beskryf het, is dat hulle nie werksaam is om die kaffers te beskaaf en hulle verstand te ontwikkel sodat hulle die Christendom kan begryp en waardeur hulle na hulle aangeneem is goeie vrugte kan dra nie. Helaas! hulle vertel die heidense kaffer dat hy by die aanneming van die Christendom in rang met die blanke mense gelyk staan, ens..... As 'n mens op hierdie manier heidense naturelle tot die Christendom wil probeer oorhaal, kan dit geen ander gevolg hê nie, as om die bekeerdes en onbekeerdes hoogmoediger en ontembaarder as vroeër te maak.

Ons weet, menere, dat dit maklik sal wees om ook uit hierdie stelling van ons gif te suig, deur te beweer dat ons beskawing, sonder die Christendom verlang. Dit is egter nie ons gevoel nie. Ons verlang alleen dat die Evangelie, die leer van selfverloëning en ootmoed, ook as sodanig aan die heidene gepreek sal word. Dit is wat die Bybel leer.

U sê seker weer dat u genoeg bewyse het om die teenoorgestelde aan te toon, maar, menere, watter bewyse besit u? Wat die klagtes en die berigte van die sendelinge aangaan, dink tog net daaraan dat hulle elkeen, sy eie persoonlike sake, waarby hy belang het, verdedig. Hulle is verplig om dit te doen, selfs terwille van hulle brood. Hoe sleg hulle ookal is, moet hulle probeer om 'n goeie naam by u te behou en 'n algemene beklag en medelye vir die vervolgings, wat hulle moet deurstaan, by u op te wek. Wat u ookal van hierdie verdediging van ons mag dink, sal u tog moet erken dat dit nie al die sendelinge bloot te doen is om hulle vir die eer van die Here te beywer nie. Waar verneem ons egter ooit uit hulle eie berigte dat daar 'n slegte of luie buik onder die sendelinge is? Almal noem hulleself ywerige, deugsame en troue diensknegte van die Here. (Lees Lukas 8 vs. 16 en 17).

Om die waarheid van die bostaande bewering met 'n daadsaak te bewys, hoef ons u net te wys op die feit dat die Goewerment van die Suid-

Afrikaanse Republiek self sendelinge beroep het om onder die volk van die kafferkaptain Secheli werksaam te wees. Wie bemoei hom met of vervolg die sendelinge? Niemand nie. Die burgers van hierdie land respekteer hulle. Ons sal al die sendelinge respekteer wat hulle besig hou met die verkondiging van die Woord. wat die beskawing bevorder en wat self ook onder wet en orde wil staan. Maar met die sendelinge wat vryheid, gelykheid, broederskap en kommunisme preek, inplaas van die Evangelie, en wat self geen opsig en wet oor hulle wil gedoog nie—met sulke naam-sendelinge en naam-christene kan ons nie klaar kom nie.

Ons verlang na die verkondiging van die Woord van God onder ons. Ons gun dit ook aan die naturelle en ons hoop om dit te bevorder, as ons sulke goeie sendelinge kan kry. Hoe sal ons egter sover kom? Ons wat gedurig met geweld van alle vooruitgang terug gehou word, omdat ons persone en ons gedrag vuil en stinkende voor die oë van die hele wêreld gemaak word deur geskrifte soos die van u? Dan weer, as ons na baie moeite, met bidde en smeke, 'n leraar gekry het, wat ons op ons sonde en verkeerdhede kan wys en wat ons met die hulp van God, tot die weg van behoud kan lei, dan word hy, na hy nog nie eers 'n jaar hier was nie, weer van hier weggeroep, soos dit nou met ons leraar die geval was. Kan u van so'n handelwyse ooit goeie vrugte verwag? Wat dink u?

Met die bostaande, wat ons tot ons verdediging in die saak van die sendelinge aangevoer het, wil ons nie verklaar dat ons nooit iets verkeerd in die sake gedoen of gedink het nie. „Dat zij verre."

Ons is almal swakke sondige mense en kan dus verkeerde insigte hê en verkeerd handel. Indien u en die sendelinge self deur 'n goeie gedrag en voorbeeld onder ons werk, dan sal al die verkeerde in denke en doen wel beter word. 'n Mens moet egter nie alles van ons kant reg en in orde eis en sake aan die anderkant hulle vrye gang laat gaan en nie reg aan ons laat wedervaar nie.

Wat u beskuldiging dat ons sendingstasies verbrand het en dat ons dreig om die sendingtsasie van Kuruman aan te val, aangaan, moet ons verklaar dat soiets aan ons onbekend is. Hierdie beskuldigings van u is so onbepaald, dat ons daaruit moet aflei dat dit 'n daelikse besigheid van die Hollandse Emigrante is om sulke brandstigtings aan te vang. Ons weet net van een geval waar 'n sendingstasie verbrand is en dit is in 1847 deur oorlogvoerende kaffers in die land van die kafferkaptein Omswaas gedoen. Dit kan wees dat soiets in die jaar 1858 per ongeluk in die Oranje Vrystaat gebeur het. Ons keur so'n handelwyse ten sterkste af. Indien soiets egter in 'n tyd van oorlog gebeur—soos in die Vrystaat—kan daaroor, volgens ons insien, nie so'n strenge vonnis gevel word nie. As dit dan gebeur dat sulke sendingstasies die skuilhoeke, vlug- of verblyfplekke van die vyand word, glo ons nie dat 'n leër of patrollie daardeur verplig kan word om onverrigtersake terug te keer nie. Ons reken dat 'n mens hierdie geval Godsdienstig moet beoordeel: Lees I Kon. 1 vs. 50 tot 53 en I Kon. 2 vs. 20 tot 31. Ons kan dit as wettige voorbeelde neem. Indien ons die geskiedenis lees dan vind ons dat selfs kerke nie in tye van oorlog ontsien word nie, maar dat hulle sowel as ander huise ingeneem en in diens van die leërs gebruik word of selfs verbrand word. Was die Britse Goewerment instaat om die oorloë in Indië, Sjina en ander lande te beeindig of die krygstogte van koers te verander omdat daar 'n sendingstasie in die weg geleë was of omdat die vyand dit in besit geneem het, of

omdat die vyand daarin 'n skuilplek onder die geheiligde beskerming van die Sendelinge gesoek en gekry het?

Sal u en ons instaat wees om al die sendingstasies bymekaar te tel wat buite Afrika gedurende oorloe ingeneem en verwoes is?

Ons verklaar nogmaals en dit bly ons verlange dat sodanige handelwyse nooit by ons mag plaasvind nie, en dat dit almal se strewe mag wees om die sendelinge, as hulle regverdig is, te beskerm en daarby ook hulle huise liewer te beskerm inplaas van dit te verwoes. As dit egter gebeur omdat die vyand daarheen vlug, omdat die sendelinge met die vyand heul of deur ander omstandighede, dan verwag ons ook van u en andere dat u in die vervolg so'n saak nie op so'n verkeerde manier sal beoordeel en veroordeel nie.

## STANDPUNT VAN BOERE I.V.M. GELYKSTELLING EN GESLAGSVERMENGING.

Wat u uitleg van Deuteronomium 23 aangaan, waardeur ons moet glo dat die Hottentotte, Kaffers, ja, selfs die Boesmans afstammelinge van die ou beroemde Egiptenare is, wil ons net verklaar dat dit vir ons enigsins ongelooflik en onbegryplik is. Ons wil dit gevolglik maar liewer laat bly soos dit is, temeer daar ons wel van Lavater se Fisionomiekunde gehoor het maar dit of die skedelleer nooit so bestudeer het, dat ons kan bewys dat die gelaat of die skedel van 'n Boesman na die van 'n Egiptenaar lyk nie.

Wat betref u bewysgronde dat ons die Naturelle van hierdie land op grond van Deutr. 23 met groter agting moet behandel is soiets vir ons onbegryplik en wel om die volgende redes:-

1. In so 'n geval moet ons dan seker wees dat al die nasies hier Egiptenare is.

2. Ons vind wel dat van die Egiptenare en Edomiete (by die naam genoem) gepraat word, maar ons kan nie insien dat met die twee geslagte die hele bevolking van Afrika bedoel word nie.

3. In die begin van u brief het u ons dit vir kwaad toegereken omdat ons ooreenkomstig die lesse van die Ou Testament en die beloftes, ens., aan die Israeliete, gehandel het. Nou verwys u ons na dieselfde geskiedenis terug en verlang dat ons daarvolgens sal handel. Ons kan dit nie verstaan nie. U wil ons laat glo dat ons verplig is om die Mohamedaanse Egiptenare en die Heidense Afrikane met eerbied te behandel. Ons kan dit nie insien nie. Ons kan wel insien dat hulle deur die Christene beveg moet word en dat die Mohamedaanse Egiptenare as vyande van die Christenheid beskou moet word.

Soos u weet was die Jode nie toegelaat om hulle met die heidens rondom hulle te vermeng nie. Hulle het selfs tot in die verste geslagte nie toegelaat dat die heidens hulle vergaderings bywoon, alvorens die heidens nie die Israelitiese geloof aangeneem het nie. Lees hieroor Deutr. 23 en die tweede tempelbond Esra en Nehemia. Dit is ons opvatting oor die sake. Dwaal ons? Soja, dan dwaal ons ter goeder trou, en sal dit dan, so hoop ons, wel erken.

Hoewel ons sterk teen die gelykstelling en geslagsvermenging van blankes met swartes is en hoewel ons meen dat so'n opvatting nie in stryd met of ongeoorloof deur die ware Christendom is nie, tog is dit ons verlange—en ons het dit al meermaal gesê—dat alle heidens tot beskawing en kennis van die waarheid mag kom. Mag die tyd aanbreek dat die goeie vrugte daarvan gesien mag word, (soos u 'n paar opnoem), en mag ons ook 'n bydrae hiertoe lewer. Ons vertrou dat dit sal gebeur, as die

sendelinge net getrou aan hulle werklike roeping is en daarvolgens arbei. Mag die goeie God dit gee.

## VALSE AANTYGINGS.

Wat die verwondering van reisigers en ander aangaan dat ons so van die deugde van ons voorgeslag afgedwaal het, en dat ons voorgeslag ,die Hollanders, „deur hulle deugde" die eerste volk van die wêreld geword het, en dat hulle by die aanlê van volksplantings tegelykertyd leraars uitgestuur het om die heidene te onderwys. Ons wil dit alles glo; ons wil ook graag bly hoop en verlang dat die deugde van ons voorvaders onder ons moet herleef en dat dit deur ander bevorder mag word. Ons glo egter daarby ook, dat indien Holland, net soos ons totaal verwyder was van alles wat beskawing bevorder en ook van die verkondiging van die Godsdiens beroof was; indien Holland, soos ons, verag en verdruk was en nooit deur ander gehelp was nie; indien Holland ook verhinder was om sy stem te laat hoor en daarby ook nie instaat was om sy regte teen sy verdrukkers te handhaaf nie, dan glo ons nie dat Holland die eerste volk van die wêreld sou geword het nie. Die Hollanders het, netsoos ons, die gelykstelling van die blankes met die swartes afgekeur en teengewerk.

Indien u ook in hierdie saak die goeie weg bewandel het, en gedoen het wat die Britse Goewerment sinds 1852 gedoen het, dan sou u ook, netsoos die genoemde Goewerment, ons vooruitgang bevorder het, dan sou u ook die goeie onderlinge vertroue en vrede bevorder en behulpsaam gewees het op die weg van vooruitgang. Maar nou? Kan soiets verwag word op die weg wat u nou ingeslaan het? Die teendeel is waar, want daar u ope brief (soos van self spreek) 'n greintjie van waarheid bevat, is selfs die enkele greintjies van waarheid so met oordrywing en laster oor ons saak oorlaai, dat 'n persoon wat nie grondig met die waarheid bekend is nie, onmoontlik die waarheid van die onwaarheid sal kan onderskei. Daarby sal die mense u opgawe en beskrywing glo, want niemand sal kan dink dat 'n agtenswaardige liggaam, soos die van u, sulke growwe onwaarhede wêreldkundig sal maak nie. Hulle sal om die rede dit vir goeie munt aanneem met die vertroue dat al die beskuldigings op vaste daadsake gegrond is.

Baie regsinnige mense ,wat instaat is om met hulle voorbeeld, wetenskap en besitting baie nut tot vooruitgang van die goeie en die beskawing sou kon doen, word nou hierdeur afgeskrik om in hierdie land te kom woon. Deur u skrywe—sonder dat u dit so verlang het—doen u hierdie land en volk baie skade aan. U het 'n tweede oorsaak tot nadeel van die bevordering van die goeie, en wat meer u eie belange raak, bewerk, Dit is dit: Terwyl baie mense in die land hulle verheug oor die strewe van die Evangeliese Verbond om die gees van die Christelike liefde verder uit te brei ,waardeur die ware geloof opgewek en versterk sou word, soos verwag kan word; dat baie slapendes wakker gemaak en onverskilliges tot nadenke gebring sou word. Dit is egter nou stellig te verwagte, dat deur so'n skrywe die wat gehoop het verslae is, die wat teneergedruk was mismoedig geword het terwyl die onverskilliges, die veragters van die Godsdiens en vroomheid stof gekry het om te juig, want hulle sal nou vra: Is dit die vrug van die Godsdiens? Is dit waarheid, vrede en reg bevorder?

Ons glo dat die invloed en goeie saak van die Evangeliese Verbond baie skade sal ly deur die liefdelose handelswyse van sy verteenwoordigers in Suid-Afrika. Selfs sonder dit beskou ons dat u skrywe, as predikers van die Evangelie ,in stryd is met die Woord van God.

Kyk net hoe die Apostels te werk gegaan het om die harte van die sondige heidens en Christene van die sonde en verkeerde weë tot die Here terug te bring. Vergelyk Hand. 17 vs. 22 en 23 met 1 Kor. 1 vs. 1 en 9, Gal. 6 vs. 1 en 5. Waarom het u ons nie liewer met sagmoedigheid vermaan, en aan ons goeie raad vir die toekoms, volgens die Woord van God, gegee nie? Hierdeur sou u as ware leraars nut gestig het, dan sou u nie toorn en gekyf, maar liefde en dankbaarheid van u werk ontvang het—ten minste van hulle wat die waarheid en die reg lief het—en dan het u die regte weg ingeslaan ,waardeur gehoor gegee sou word.

U sal nou miskien wil beweer dat ons u skrywe nie goed verstaan nie en dat ons u eintlike bedoeling verkeerd uitlê. Ons is egter van gevoel dat ons u goed verstaan het en juis hierom is ons genoodsaak om hierdie teenskrif tot weerlegging of liewer tot ons verdediging te skryf. Ons doen dit met die doel om dit algemeen bekend te maak, sodat die wêreld kan oordeel of u beskuldigings dat ons diewe, moordenaars, bevegters van die Evangelie is en dat ons net aan die Ou Testament glo, hierby moet nog kom dat ons die manlike inwoners van die land doodmaak en hulle vroue en kinders vir ons neem. Laat die wêreld u en ons nou oordeel . Laat die wêreld oordeel of dit sake is wat wêreldkundig gemaak kon word alvorens u nie die bewysgronde daarvoor aangevoer het nie. Ons bly daarop reken dat u die bewyse tot stawing van die beskuldings sal lewer, waardeur ons dan, soos ons voorneme is, beter in die geleentheid gestel sal word, om nie alleen ons sake en gedrag te verdedig nie, maar ook om die wêreld te laat opmerk hoe noodsaaklik dit is om nie somar iets te glo, wat tot nadeel, tot veragting en spot van die Hollandse Emigrante van Transvaal verhaal of geskryf word. voordat dit nie deeglik ondersoek is nie.

Ons hoop dat die bloei en voorspoed van die land en van die bewoners daarvan, bevorder sal word deur die verdere openbaarmaking van die waarheid.

Mag die goeie God dit gee.

Aldus gedaan in die vergadering van die Uitvoerende Raad van die Republiek van Lydenburg.

Goewermentskantoor, Lydenburg, 10 Februarie, 1860, Namens die Uitvoerende Raad.

P. J. COETSER,
Voorsitter.

H. T. BUHRMANN,
Goewerments Sekr.

---

Tvl. Pers, Bpk., Pretoria—2573.